**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Aansoek No. 161/2004

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **<u>IZAK JOHANNES BURGER</u>** | Applikant |
| en | |
| **<u>RAND WATER RAAD</u>** | Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **<u>CORAM:</u>** | **HATTINGH, R** |
| **<u>AANGEHOOR OP:</u>** | **22 APRIL 2004** |
| **<u>GELEWER OP:</u>** | **29 APRIL 2004** |

---

[1] Applikant en Respondent word onderskeidelik na verwys as “verweerder” en “eiser”.

[2] Eiser het aksie teen die verweerder ingestel en versoek ‘n bevel wat verweerder verplig om sekere geboue en strukture wat op eiser se plaas, synde die resterende gedeelte van die plaas Erfenis No. 269, geleë te Heilbron, te verwyder op grond daarvan dat dit onregmatiglik opgerig is onderkant die 1975 vloedlyn.

[3] Verweerder het 'n spesiale pleit van nie-voeging geliasseer. Eiser het eksepsie daarteen aangeteken. Op 7 November 2003 het die Hof soos volg gelas:

> "(a) Die eksepsie slaag met koste.
>
> (b) Eerste verweerder se spesiale pleit word deurgehaal.
>
> (c) Aan eerste verweerder word verlof verleen om sy spesiale pleit te wysig binne 15 dae vanaf datum van hierdie bevel."

(Eerste verweerder is verweerder in hierdie aansoek).

[4] Op 28 November 2003 liasseer verweerder 'n kennisgewing van wysiging wat soos volg lees:

> "1.1 Die wysiging van die spesiale pleit geskied ooreenkomstig die verlof tot wysiging wat bogemelde agbare Hof verleen het op 7 November 2003.
>
> 1.2 Sover dit die wysiging van die verweerskrif en meriete betref, word eiser hiermee in kennis gestel uit hoofde van die bepalings van Reël 28 dat tensy beswaar teen die voorgenome wysiging, aangeteken word binne 10 dae vanaf datum van ontvangs van hierdie kennisgewing, die verweerderskrif dienooreenkomstig gewysig sal word."

[5] Eiser het ingevolge Hofreël 28(3) beswaar aangeteken slegs ten

aansien van die spesiale pleit op grond daarvan dat die wysiging nie *bona fide* is nie en nie verhoorbare geskilpunte daarstel nie.

[6] Dit is duidelik dat daar nie beswaar geopper word teen die wysiging met betrekking tot die verweerskrif op meriete nie, maar slegs teen die spesiale pleit.

[7] Die kernvraag in hierdie aansoek is om te bepaal wat my geleerde kollega bedoel het met die woorde "aan eerste verweerder <u>word verlof verleen</u> om sy spesiale pleit te wysig binne 15 dae vanaf datum van hierdie bevel". (My onderstreping).

[8] Op sterkte hiervan het mnr. Danzfuss, namens verweerder, betoog dat verweerder alreeds verlof by die Hof ontvang het om te wysig en was dit nie vir hom nodig om in terme van Reël 28 aansoek om wysiging te doen nie. Omdat dit duidelik is dat verweerder ook nie, sover dit die wysiging van die spesiale pleit betref, kennis moes gegee het dat hy voornemens is om dit te wysig nie, het hy bloot 'n gewysigde spesiale pleit afgelewer. Mnr. Lindeque, namens die eiser, het betoog dat die verlof wat die Hof aan die verweerder verleen het om sy spesiale pleit te wysig duidelik

veronderstel dat dit moet geskied ingevolge die tersaaklike hofreël, en dat hy geregtig is om beswaar daarteen aan te teken.

[9] Die betekenis van die woorde "aan verweerder word verlof verleen om" moet bepaal word aan die hand daarvan dat die woorde volgens hulle gewone grammatikale betekenis verstaan moet word. Dit is die primêre reël van interpretasie.

[10] Om aan iemand verlof te verleen om iets te doen, *in casu,* om sy spesiale pleit te wysig, stel dit 'n goedkeurende vergunning daar wat op toestemming neerkom.

[11] Sonder die verlof of toestemming van die Hof sou, verweerder nie *mero motu* sy spesiale pleit kon wysig nie; hy sou ingevolge die toepaslike hofreëls aansoek moes doen vir verlof tot sodanige wysiging. Hierdie beslommernis word hom nou gespaar vanweë die verlof of toestemming wat aan hom verleen word om sy spesiale pleit sonder meer te wysig.

[12] Die gevolg hiervan is dat die blote liassering daarvan by die Griffier van die Hof, binne 15 dae vanaf datum van die bevel, die

hofbevel bevredig. Dit is nie vir die verweerder nodig om weer ingevolge Hofreël 28(4) "by kennisgewing aansoek om verlof om te wysig" te doen nie. Daardie verlof om te wysig is alreeds deur die Hof aan hom verleen toe sy spesiale pleit deurgehaal was op 7 November 2003.

[13] Sover terug as 1907 het 'n Volbank van drie Regters beslis:

> "I wish, however, to make an observation as to a matter of practice which has been raised. I certainly have understood that where leave was given to amend a plea, it was quite sufficient to file an amended plea, and describe it as such."

Verder aan op p.6 beslis die Hof:

> "There can be no doubt that the intention of the Court, whatever the wording of the order may be, was that the defendants should have the right to amend their plea and set up whatever legitimate defence they might be entitled to set up; we did not restrict them in any way. They have filed an amended plea ...."

(JAS. **INGLIS v DURBAN NAVIGATION COLLERIES, LTD, 1907 NLR (4) op 5-6).**

[14] In die onderhawige geval het die Hof die spesiale pleit in die geheel deurgehaal en aan verweerder verlof of toestemming verleen om sy spesiale pleit te wysig. Die Hof het nie verweerder aan bande gelê ten aansien van die omvang van die wysiging nie.

[15] Met 'n beroep op die **INGLIS**-beslissing verklaar die skrywers Herbstein & Van Winsen: **The Civil Practice of the Supreme Court of South Africa** (4de Uitg.) op p.529:

> "If the court by its order intends to allow a general amendment of the plea, the defendant is at liberty to file a new plea and no objection can be taken to it on that ground."

(Cf. **INSOLVENT ESTATE McWILLIAM v BANK OF AFRICA (1910) 31 NLR 445**).

In **FIAT SA (PTY) LTD v BILL TROSKIE MOTORS 1985 (1) SA 355 (O) op 358G** word gesê:

> "If an applicant is merely granted leave to amend, there is no actual

> amendment until delivery of the amendment within the time specified in the Court order."

[17] Gevolglik beteken die woorde "verlof word verleen ... om te wysig" presies wat dit sê. Die verweerder moet sy wysiging bloot <u>aflewer</u> binne die tyd wat die Hof bepaal het. Sodra die wysiging <u>geliasseer word</u> is die pleitstuk sonder meer gewysig. Teen daardie wysiging kan die teenparty nie beswaar maak ingevolge Hofreël 28 nie. Hierdie prosedure is nie benadelend vir die teenparty nie. Indien hy hom wil bekla oor die inhoud van die gewysigde pleitstuk is sy remedie geleë in 'n eksepsie ingevolge Hofreël 23 of moontlik optrede ingevolge Hofreël 30.

[18] Alhoewel verweerder nie in sy kennisgewing 'n verklarende bevel vra nie, was die vertolking van die hofbevel die enigste en wesenlike geskil tussen die partye. Al die relevante feite wat betrekking het op hierdie geskilpunt was voor die Hof en was dit tydens argument breedvoerig mee gehandel; daarom sal dit vanpas wees dat 'n verklarende bevel ten aansien van hierdie geskilpunt, gemaak moet word in terme van die smeekbede vir alternatiewe regshulp. (Sien **<u>LUZON INVESTMENTS (PTY) LTD v</u>**

**<u>STRAND MUNICIPALITY AND ANOTHER</u>, 1990 (1) SA 219 (K) op 229G** en vergelyk ook **<u>HERBERT PORTER & CO LTD AND ANOTHER v JOHANNESBURG STOCK EXCHANGE</u>, 1974 (4) SA 781 (W) op 796D-E**).

[19] Gevolglik word die volgende bevel verleen:

1. Dit word verklaar dat verweerder (eerste verweerder in die hoofaksie No. 141/2003) se spesiale pleit regsgeldiglik gewysig is soos uiteengesit in die spesiale pleit vervat in die dokument getitel "**Eerste Verweerder se Gewysigde Verweerskrif**".

2. Eiser betaal die koste van hierdie aansoek.

**G.A. HATTINGH, R**

**<u>Namens Applikant:</u>** Adv. F.W.A. Danzfuss SC
Bygestaan deur:
Me. N. Steyn
i.o.v.
Honey & Vennote

**<u>Namens Respondent:</u>** Adv. I.M. Lindeque
i.o.v.
Hill, McHardy & Herbst

/scd